

Die huweliksliefde – 'n stukkie hemel op aarde!

Die boek Hooglied beskryf die liefdespel tussen 'n man en sy aanstaande bruid. Die tweetjies is smoorverlief. So begin sy met die woorde: "Soen my, soen my weer en weer!" Hy kom weer met die uitspraak wat net iemand kan sê wat tot sy toe ore verlief is: *"Alles aan jou is mooi, my liefding, aan jou is niks verkeerd nie"* (Hoogl 4:7). Ai, wat is die liefde 'n wonderlike ding! Baie het al probeer om die liefde te definieer, en steeds kan ons daarvoor maar net stamel. Die konklusie van Hooglied: *Die liefde is 'n vlam van God!*

Reeds in Genesis 2 leer ons dat dit God self is wat 'n man en sy vrou met sy eie hand na mekaar toe lei. Die middel daartoe is dan ook die liefdesvuur wat Hy in ons aansteek. So mag ons weet dat ons huwelik 'n wonder is wat in die hemel gemaak is! Sonder hierdie wete sal julle droom 'n nagmerrie word. Maar as dit van God is, sal julle drome bewaarheid word.

Die teks is egter 'n finale noodroep van die liefde: *"Dra my soos 'n seëling op u hart."* Hier word verwys na die Ou Testament se gewoonte dat 'n man sy seëling om sy nek gedra het. Sy seëling was sy kosbaarste besitting. Die liefde wil versorg wees. Die liefde vra dat ons mekaar ter harte neem. Koester die liefde, omdat dit juis 'n gawe van God is, *'n vlam van die Here!* Die liefde vra dat jy jou eie-ek moet kruisig en in diens van mekaar moet kom staan. Daar moet plek gemaak word in jou hart vir mekaar se wense en drome en belange. Daar moet eenheid kom deur die liefde van opoffering en oorgawe. Met die liefde kan daar nie gespeel word nie. Dit is 'n vlam, 'n vuur. Wie met die huweliksliefde speel, sal sy/haar vingers verbrand.

In vers 7 is daar egter 'n troosvolle belofte oor hierdie Godgegewe liefde: *Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie.* Hou maar net daaraan vas dat God hierdie liefdesvuur aangesteek het. So is die huwelik immers nie maar net nog 'n menslike wilsbesluit nie, maar dit is 'n roeping. 'n Roeping van God wat die vure aansteek. 'n Lewensroeping en taak wat net deur God self beëindig kan word. Bly dus in alles biddend afhanklik van die Here wat julle tot die huwelik geroep het, en weet dan dat Hy ook in die grootste aanslae by ons sal staan.

Sing: Skrifberyming 9-4:1, 4, 5, 6